

SKRIFGEDEELTE: ESTER 4:9-17

FOKUSGEDEELTE: ESTER 4:14B

Ester – Die tyd is nou, die plek is hier, die persoon is jy!

Dit is nie toevallig dat Ester (jongvrou/ster) koningin is nie. God gebruik haar in sy plan om die Jode te red. Daarom het Hy haar koningin laat word! Dit was nie maar net 'n mooi sameloop van omstandighede nie. God is in beheer. Hy is besig om elke legkaartstuk in sy plek in te pas.

Dit vra geloof van Ester. Sy moet die waagmoed aan die dag lê om by die koning in te gaan. En sonder dat sy dit besef, word sy deel van God se plan. Nadat sy drie dae gevas het, het sy uiteindelik moed om by die koning in te gaan. Dan is die koning haar genadig. Hy steek sy septer na haar toe uit, as teken dat sy maar kan naderkom.

As hierdie struikelblok oorkom is, dan sien ons dat Ester 'n al sterker persoon word. Sy is nie meer die huiwerige jong meisie nie. Haar planne kry algaande gestalte, en nou is sy met krag en moed oorgehaal om haar volk van uitwissing te red.

En, menslik gesproke, wat was die gevolge van haar durf en waagmoed? Die Jode is van uitwissing gered. Meer as dit. Eeue later is Christus uit die nageslag van hierdie Jode gebore. Die EEN wat na die wêreld toe moes kom, om almal wat in Hom glo van die ewige dood te red.

Ek is nie sonder rede die pa of ma van my gesin nie. Ek is nie sonder rede die eerste of die tweede of die derde kind in ons huisgesin nie. Ek is nie sonder rede met my man of vrou getroud nie. Watter wonderlike dinge gaan God vandag deur my doen?

Sing: Skrifberyming 14-3:1, 2, 3, 4

Ds. WJ (Kobus) Botha (Bloemfontein-Noord)